**Reeks:** Verwaarloosde Insig oor Verhoudings
**Titel:** Vrede & Kwaad
**Prediker:** Stephan Joubert
**Datum:** 1 Mei 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

---

"Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is jy mag nie moord pleeg nie, en elkeen wat moord pleeg is strafbaar voor die regbank, maar Ek sê vir julle, elkeen wat vir sy broer kwaad is is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek is strafbaar voor die Joodse Raad, en wie hom uitskel vir 'n idioot is strafbaar met die hel se vuur. As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer, en kom dan en bring jou gawe.
As iemand 'n regsaak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en die jou in die tronk sit nie. Dit verseker ek jou: jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie."
***Mat 5:21-26 (Die Boodskap)***

Matteus 5 is seker een van die mees uitdagendste tekste om by stil te staan. Dis 'n teks wat in jou gesig is. Dis 'n teks wat deur die geskiedenis heen uit verskillende hoeke bekyk is. Groot teoloë, kerkleiers het daaroor nagedink, en nog steeds bly dit die een teks wat, veral vanaf vers 21 tot 48, 'n mens uitdaag om jou geloof na die teerpad van die lewe toe te vat, om jou geloof op die grond te kry, om intensioneel volgeling van Jesus te wees daar waar die lewe elke dag gebeur, en miskien is dit een van die heel moeilikste en uitdagendste dinge ooit, ek weet, en ek het eintlik so half in my eie kop al baiekeer besluit ek kan nie self oor Matteus 5 preek nie, want as ek so in die spieël van die Here se Woord kyk dan sien ek dat ek die ou is wat hierdie toetsie eerste druip, maar ek onthou ook elke keer as ek daaroor gepreek het was daar moeilikheid.
Ek onthou toe ek nog 'n voltydse leeraar was, 'n jong outjie, 'n klomp jare gelede, toe het ek so daar in my gemeentetjie waar ek was 'n ou gehad, en 'n vrou, wat 'n verhouding... of die vrou het 'n verhouding begin buite die huwelik, en nou praat ek maar met hulle, en op 'n dag toe ek by die ou en sy vrou by die huis kom toe sien ek sy hand is so in verband, en ek sê wat het gebeur. Hy sê, nee, hy loop daar in die Spar, en toe hy so om die rak loop waar hy besig is om inkopies te doen toe loop hy in hierdie ou vas wat sy vrou nou probeer afvry, hy sê en voor hy homself kry toe gee hy vir hom 'n goeie hou. Hy slaan hom daar tussen die rakke in kapoet.
Nou verduidelik ek vir hierdie ou, luister, weet jy, jy is mos nou 'n volgeling van die Here en ons doen nie sulke dinge nie. Jy moet Matteus 5 gaan lees, en dan gaan jy leer dat jy jou woede moet bedaar, en jy moet 'n tweede myl loop en 'n ander wang draai. Hy sê vir my, nee, dis reg, hy sal dit probeer, en so 'n paar weke later kom ek weer daar by hom en ek kyk die ou so, en ek sien sy hele oog is sommer so blou. Sy regteroog is toegeslaan. Ek sê wat het gebeur.
Hy sê, nee, ek sit daar by die atletiek en kyk hoe my kind atletiek doen, en daar sit daardie einste ou en hy kom na my toe gestap, en ek sê vir hom, weet jy, ek het nou die dag in die Bybel geleer 'n mens moet die ander wang draai, so hy sê, slaan my nou maar op die ander wang, en daar haak die ou af en hy slaan vir hom onderstebo, en toe besef ek Matteus 5 het implikasies, en ek besef ek wil nie eintlik aldag daaroor preek nie, want bo en behalwe dat dit implikasies vir ander mense het raak dit my lewe ook, toe besef ek hoe dikwels ek die toets druip, maar dit neem nie weg dat Jesus besig is om in Matteus 5:21 tot by vers 26, wat vandag as ons teksvers dien, besig is om in die hart van die lewe geloof neer te sit nie.
Hy is besig, weet jy, om God se Wet, kan ek maar sê, te herinterpreteer. Hy is nie besig om God se Wet af te stel nie. Hy het dit duidelik gestel in Matteus 5:17 tot 20, dat God se Wet nooit sal verval nie, maar dit was ook vir Jesus baie duidelik dat die mense in Sy dag, toe Hy op aarde was, die Wet verletter het net tot 'n klomp letters, tot 'n klomp dade, en daarom is Hy besig, veral in vers 21 tot 26, om daardie groot gebod dat jy nie mag moord pleeg nie: Eksodus 20:13, om dit op 'n nuwe manier te verduidelik, en Jesus wys vir ons 'n paar dinge oor die Wet, weet jy.
Hy wys vir ons dat die Wet met jou karakter te doen het. Die Wet vorm karakter. Die Wet verander jou binne buitentoe, nooit anderster om nie. Hoor weer: die Wet verander jou binne buitentoe, nooit anderster om nie. Die Wet is daarom ook radikaal, want die Wet het te make met gesindhede. Dit het te make met intensies, met instellings.
Die Wet het te make met wat ek dink oor mense, nie net dade nie, daarom is die Wet radikaal, ja, en sê Jesus, die Wet vat altyd grond vanuit jou intensies, op jou vingers, jou voetspore, op jou lippe, en in jou gedagtes. Die Wet verander jou hele lewe, God se Wet, as jy dit reg verstaan, en daarom het Jesus hier in ons teks gedeelte, vanaf vers 21 tot 26, wat ons netnou gehoor het, het Jesus drie scenarios oor hoe mens die Wet hou.
Kom ek lees net weer die eerste een, vers 21: julle het gehoor dat daar in die ou tyd al van die mense gesê is jy mag nie moord pleeg nie, en elkeen wat moord pleeg is strafbaar voor die regbank, maar Ek sê vir julle, elkeen wat

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

vir sy broer kwaad is is al strafbaar voor die regbank, elkeen wat sy broer uitskel vir ‘n gek is strafbaar voor die Joodse Raad, en wie hom uitskel vir ‘n dwaas of ‘n idioot is strafbaar met die hel se vuur.
Jy sien, vir Jesus, in hierdie eerste scenario van die drie waarby ons vanoggend stilstaan, wat Jesus uitlig, wys Hy dat daar een groot probleem in hierdie lewe is, en dit is woede.  Woede.  Die groot dilemma waarmee mense sit is woede.  Jy hoef net in Suid-Afrika te lewe om dit agter te kom.  Hulle praat van padwoede, miskien het jy dit al belewe, maar dis erger as dit, hoor.  Dis lewenswoede, en ek het gedog dis net Suid-Afrika, maar ek is so ‘n navorsingsgenoot by ‘n Europese universiteit, en ek was tot verlede naweek daar vir ‘n maand of wat, en ek sit op ‘n trein en... van Amsterdam af êrens heen, en die volgende spring ‘n ou op en hy wil my slaan, en ek het nie ‘n idee wat aangaan nie, en ek besef ek het my tasse gesit, my en my vrou en my kinders se tasse, op die plek waar hy wou gesit het, nou moet hy een ry agtertoe sit, en die volgende oomblik raak hierdie ou beserk en hy begin skree en hy begin ons vloek en hy begin ons slegsê, en ek dink by myself, in Suid-Afrika het so iets my nog nie oorgekom nie.  Nou hier in die groot eerste wêreld stad Amsterdam loop ek in die ou wat die vark van die jaar trofee behoort te kry vas, en ek dink by myself mense is woedend.
Mense is kwaad, maak nie saak vir wie nie.  Jy is kwaad vir daardie ou en daardie ou is kwaad vir jou, en hierdie ou is kwaad vir die regering, en daardie ouens is kwaad vir die rugby, en daardie ouens is kwaad vir die paaie wat stukkend is, en daardie ouens is kwaad vir Holland, en so gaan dit aan, maar mense leef met woede, en Jesus sê woede ly tot moord.
Hy sê julle ouens sê vir mekaar mens moenie moord pleeg nie, en jy gaan klim elke aand in jou bed en jy sê, mm, wie het ek nou weer vandag doodgemaak, o nee, nog niemand nie, so ek het nie die Tien Gebooie oortree nie.  Raai wat, sê Jesus, as woede in jou lewe is verloor jy ses / stroop, ses / stroop.
Woede is die groot doodmaker, die killer, die virus wat mense se lewens vernietig, en jy kan die Wet hou tot jy blou is, maar as dit jou woede nie onder beheer bring, jou lewenswoede, jou padwoede, jou huweliksw oede, jou werkswoede, jou rassistiese woede, jou sport woede, jou treinry woede, as dit dit nie onder beheer bring nie, vir wat is jy godsdienstig, want dit is juis daar waar jou karakter wys, so die Wet vat jou een stappie terug, verby moord, na die redes, en dit het te make met woede, en daarom sê Jesus, en dit gebeur in die gewone lewe, woede, Hy sê jy sien woede as mense vir hulle broer sê raka [?].
Nou raka, interessant genoeg, is die Aramese woord vir leeg.  In Latyn vertaal hulle dit leë kranium, leë koppie.  Kyk, ‘n nou is darem kwaad vir jou as hy sê weet jy wat, jy is leeg, hoor.  Jis, dan moet jy weet ‘n ou is baie kwaad vir jou.  Ek bedoel, het jy al agtergekom iemand is so kwaad vir jou, hulle sê vir jou jy is darem leeg, nê.
Ek dink hulle sê erger dinge as dit vir jou as hulle kwaad is, of jy sê vir ‘n ou moorê [?], moron, nê, die tweede voorbeeld wat Jesus noem.  Ons lamal ken die woord moron.  Dis die woord vir ‘n dwaas.  Dan moet jy weet, ‘n ou is darem nou eers kwaad vir jou as hy sê jy is nie net leeg nie, maar weet jy wat, jy is eintlik ‘n dwaas.
Nee, ek dink mense sê dit baie erger.  Mense het al selfs vingertaal aangeleer om lelik te praat kom ek agter.  Nou die dag sit ons in ‘n kar ook en iemand verduidelik hier voor, vir die kar voor ons, verduidelik twee karre vir mekaar in vingertaal, en ek sê wat doen hulle.  Die... ek... die ou sê nee, hulle verduidelik vir mekaar in vingertaal hoe kwaad is hulle, maar dit lyk of hulle spelfoute maak so kwaad is hulle.  Dit is die gevolg van woede, en weet jy wat, laat ek nie te vroom wees nie.  Ek sien dit in my eie lewe.
Ek sien nou die dag toe daardie ou op die trein in Amsterdam op my begin vloek en skree en in die verskriklikste taal denkbaar vir my sê hoe hy my gaan slaan, dink ek vir ‘n oomblik: kom try jou luck, en ek dink by myself, Stephan, wat is met jou aan die gang.  Wat is dit?  Is dit hierdie Afrika mentaliteit van jou, of het die Evangelie regtig toe nou net die veneer, die boonste lagie van jou lewe mooi blink gepolitoer, en nou dat jy op ‘n trein in Amsterdam sit, nou is jy ook maar net so, kom probeer ‘n bietjie, meneer, wat is dit met jou, en vir ‘n oomblik voel ek hoe alles in my ruk en dis asof die Here vir my sê kry jou lewe onder beheer.  Wat is dit met jou?  Miskien verstaan jy dit.  Miskien verstaan jy dit as jy die koerant oopmaak, as die ou voor jou injaag met die taxi, as sommer net iemand van wie jy hou, as jy sommer so in hulle afwesigheid sê hulle is darem vaak mense, hoor.
Weet jy wat sê Jesus?  Hy gebruik... hy gebruik hierdie eerste scenario, sê Hy, as jy vir ‘n ou sê jou dwaas, of jou leë kop, Hy sê dan verdien jy eintlik om gestraf te word voor die Joodse Regbank, en daarom wil ek jou vra, wil jy nie net vir ‘n oomblik nadink oor jou tong nie?  Wil jy nie net vir ‘n oomblik stil word en vir jouself gaan vra of dit alles die moeite werd is nie?  Wil jy nie net jou lewe 'n slag voor die Here briek en sê, Here, wees my genadig met hierdie tong, met hierdie woedende hart nie?  Bring dit asseblief onder beheer.  Daar is ‘n paar oomblikke vir stilte en stille aanbidding.
Scenario nommer twee wat Jesus met ons deel is ewe uitdagend.  Dis asof Jesus ons terugrem en vir ons sê weet jy wat, geloof, geloof maak ‘n verskil, nie net in hoe jy met jou broers omgaan en hoe jou woede, jou lewenswoede onder beheer kom nie, maar dit het ook iets te sê vir al daardie wrokke wat jy in jou lewe ronddra, en Hy gebruik ‘n skokkende voorbeeld in scenario nommer twee.  Kan ek dit net vir jou lees, vers 23?
Hy sê as jy jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, dan sê Hy, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen eers met jou broer, en kom dan en bring jou gawe.  Dit laat mens eintlik duisel.  Kan ek verduidelik hoekom?  Jy moet onthou Jesus is in Galilea as Hy hierdie lering gee.  Hy is by die berg daar in die omgewing van Kapernaum, en om ‘n altaar offer te bring moet jy in Jerusalem wees, en vir ‘n persoon in Galilea is dit enige iets van drie tot vyf, tot selfs sewe dagreise vêr.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Nou, dit het soos volg gewerk: as jy eenkeer 'n jaar of miskien twee keer 'n jaar of, as jy gelukkig was, drie keer 'n jaar Jerusalem toe kon gaan om jou offers te bring, of as jy ryk genoeg was en genoeg sondes gehad het, dan kon jy een keer 'n maand gegaan het, maar dit was bietjie vêr, dan het jy jou dier gevat, agter jou aan, jou bees of jou skape of bokke.
Nou, almal het geweet as jy op die pelgrimsroete loop met 'n klompie diere het jy of 'n klompie sondes en jy is op pad om te gaan offer, en dit vat jou 'n klompie dae, en jy sien, daardie dier wat jy gaan offer in jou plek vir 'n paar dae stap jy nou Jerusalem toe met jou sondes, en dit is die uitdrukking van jou sondes, daardie dier wat in jou plek die transaksie as te ware met die Here moet maak, en nou sê die Here Jesus hierdie skokkende ding.
Hy sê weet julle wat, en, julle dink godsdiens is om op pad te wees na 'n plek toe om een of ander kultiese ritueel te maak, maar weet jy wat, godsdiens gebeur eintlik op die pad na die kultus toe. Dis eintlik die reis onderweg wat wys of jy godsdienstig is. Almal kan dink dat jy so vroom is dat jy iets kan oorkom as jy so 'n bees en 'n paar skape in 'n ry het. Hulle sal sê, jy weet, ou Koos het weer diep gesondig, maar hy is ten minste diep ernstig om iets daaraan te doen, dan gaan almal darem beïndruk wees deur jou, maar weet jy wat is ware godsdiens?
As jy so op die pad is Jerusalem toe en dit val jou by jou broer het iets teen jou, dan los jy daardie offer, dan maak jy daardie bees daar aan 'n tou vas, dan sê jy vir hom sterkte, en dan stap jy terug Galilea toe en dan gaan maak jy dit reg met jou broer, want wrokke, hierdie ding wat mense tussen mekaar het, dit is waar moord begin.
Moord begin by woede het ons gesien in sy eerste scenario, dit was jy vir jou broer sê, maar weet jy, moord het te make met die wrokke wat ons teen mense dra, en let op, dit gaan nie eers oor die wrok wat jy teen daardie ou het nie, dit gaan oor as jy weet iemand anders dra 'n wrok teen jou, dan briek jy, dan halt jy, dan kan God wag vir jou offer, sê Jesus, en Hy gaan ook wag vir dit.
Ons het grootgeword, en ek self ook, met die idee van hoe godsdienstiger jy is hoe meer gaan jy na godsdienstige plekke toe. Jesus sê, weet jy wat, dit gaan oor die intensie waarmee jy lewe. Dis wat op die pad gebeur wat wys of jy godsdienstig is, nie wat by die plek van godsdiens gebeur nie.
Jy kan 'n seisoenkaartjie houer wees in kerkbesoek. Jy kan genoeg Voyager myle opgedoen hê in geestelike byeenkomste. Jy kan erekleure hê in selgroep bywoning, maar as jou geloof nie op die pad wys nie hoe jy toelaat dat die Here in jou lewe kom, die Heilige Gees van wie ons pas gesing het in ons toewyding, dat die Gees my briek, dat Hy my woede neem, as jy nie toelaat dat die Here Jesus êrens in jou lewe Sy anker toue uitgooi nie, en iets doen aan die wrokke wat jy in jou lewe saamdra of wat die ander mense teen jou dra nie, wat is die doel?
Ja, ons het ons eie lysies van sonde en die eie dinge wat verkeerd is in ons lewe, maar hier is Jesus se lysie. Hy sê dis woede wat moord maak. Hy sê dis wrokke tussen mense wat verhoudings vernietig, en raai wat, dit tref ons lewe. Wanneer laas, wanneer laas het jy jou godsdiens gelos om Jesus se soort God diens te doen? Wanneer laas het jou lewe gerem om 'n verhouding wat jy gebreek het reg te maak? Wanneer laas het jou geloof gemaak dat jy selfs jou offer laat staan om met 'n broer of 'n suster of iemand anders reg te maak?
Ek wil jou uitdaag in die naam van die Here en myself om te gaan vra watter verhoudings in ons lewens is stukkend, watter verhoudings het al lankal 'n 15,000 km diens nodig, is al oor die dienstydperk? Vir wie moet ek gaan ekskuus sê? Na wie toe moet ek stap en sê dit is ek wat drooggemaak het? Daar is geen woord so mooi om 'n brug te bou soos die woord askies nie. Kom ons raak vir 'n oomblik stil voor die hierdie en gaan sê daardie ekskuus voor hom en dan vir ander.
Daar is 'n derde scenario wat afspeel by die doen van die Wet in Jesus se hart, by die keer van moord. Dit het nie net te doen met die woede wat die Heilige Gees onder beheer moet bring nie. Dit het nie net te doen met die wrokke wat mens dra wat soos klein jakkalsies jou agtervolg en uiteindelik 'n reuse, reuse lewe kan verwoes nie, maar dit het ook te doen met jou idee van die waarheid, en daarom het Jesus 'n derde scenario.
Hy sê in vers 25 'n aangrypende woord. Hy sê as iemand 'n regsaak met jou begin dan moet jy dit gaan regmaak. Hy sê wees gou goedgesind teenoor jou teëparty solank jy nog saam met hom op die pad is, sodat jou teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie. Hy sê, voorwaar, ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.
Jesus se Wet, die nuwe Wet van God, die ware Tien Gebooie soos wat God dit altyd bedoel het, speel af in die regte lewe. Dit briek woede. Dit briek wrokke, en dit briek hierdie geweldige stuk dat ek alleen reg is, dat ek die waarheid het, dat ek myself ten alle koste moet laat geld, en daarom het Jesus 'n derde scenario in gedagte waar die Wet afspeel, waar moord gestop moet word, en by watter gedeelte ons ook nou nog vanoggend moet vir 'n oomblik stilstaan, en dit is naamlik juis wanneer daar regsgedinge is.
Ja, het ons gesien, moord begin met hoe jy praat oor jou broers en jy en ander mense, en hoe die woede daar gekeer word al dan nie. Ja, het ons gesien, die Wet het te make met hoe jy godsdienstig is terwyl jy op pad is om godsdiens te doen, maar dit het te make met hoe jy jou dag tot dag lewe leef, hoe jy jou besigheid doen, hoe jy regsgedinge doen.
Ek het 'n vriend in die Kaap wat deesdae die meeste van sy tyd daaraan wy om mense wat mekaar hof toe te vat... hof toe wil vat voor die tyd te laat skik sonder dat dit in 'n hof eindig, en hy sê vir my nou die dag toe ek in die Kaap was dat meer as die helfte van sy kliënte gelowiges is, maar al wat hulle aan mekaar kan doen is om mekaar te wil hof toe vat, en die Here Jesus sê jy moet een ding weet, as jy op die terrein speel van die reg dan geld daar beginsels wat jou gaan uithaal.

Hy sê Ek kan jou help as jy, voordat jy daardie roete loop, kies om My roete te loop, en My roete is die roete van ek is nie altyd alleen reg nie. Ek hoef myself nie ten alle koste te laat geld nie. Ek hoef nie altyd op te staan vir my regte en my regte af te dwing nie. Hy sê jy moet onthou, in die reg geld sulke soort redes. Hy sê en as jy daardie roete wil gaan, dan sê Hy as te ware kan Ek jou nie help nie.
Hy sê nie daardeur die reg is onredbaar en alle ouens wat regsgeleerdes is is heidene nie. Hoor mooi. Hy sê net maar My roete werk anderster as enige ander samelewingsinstelling. As jy op my roete is dan kyk mense mekaar in die oë, en dan is hulle bereid om van hulle troontjies af te klim en hulle kroontjies, hulle plastiek kroontjies van hulle koppe af te haal en daardie toorwoord te sê: ek is jammer, ek het verkeerd gedoen. Nie ek is jammer, maar, nie.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek wens ons het in ons wonderlike opvoeding wat ons ouers vir ons gegee het, het ons ouers vir ons daardie derde woord ook die hele tyd geleer. My ma het vir my geleer van die begin af tot die einde, sê asseblief en sê dankie. Ek onthou nog toe... die eerste hou wat ek op my boud gekry het was die dokter toe ek gebore is, toe sê my ma sê dankie, so ek onthou van die begin af het ek dankie en asseblief gesê, maar miskien moes sy my ook van die begin af geleer het om askies te kan sê. Dis die merk van grootheid, van brug bou. Dis die korste woord om 'n brug te bou, om uit jou hart uit vir iemand te sê ek is jammer, ekskuus, ek het nie verstaan nie.
Nou die dag in my eie dwaasheid weer toe besef ek as ek net dit gesê het vir daardie ou wat my wou slaan op die trein, net ek is jammer ek het nie verstaan. Ek het nie die kodes verstaan dat treine werk op 'n sekere manier nie in jou omgewing nie, dan sou die verhouding 'n brug gewees het, en ek leer maar so in die lewe, en ek leer deur my eie foute, maar Jesus sê as jy en jou broer mekaar nou op 'n plek het dat julle mekaar wil hof toe vat, Ek kan jou help as jy kan askies sê, as jy jouself nie ten alle koste wil laat geld nie.
Hy sê want as jy die pad van die reg loop moet jy besef dit het implikasies. Jy kan in die tronk gegooi word. Jesus gebruik die voorbeeld vanuit die antieke wêreld wat sê jy kan in die tronk gegooi word en jy gaan daar nie uitkom voordat jy die laaste, letterlik, die Griekse woord wat daar gebruik word, kwadrans [?], dis die tweede kleinste muntstukkie in die Joodse wêreld gewees. Die lepton [?] was die kleinste. 'n Kwadrans was letterlik in waarde 'n 64ste van 'n dinarius [?], wat jy gekry het vir een dag se werk, so vir 'n paar minute se werk het jy 'n kwadrans gekry.
Jesus sê jy sal nie daar uitkom voor jy dit betaal het nie, en dit was gewoonlik wat gebeur het, as jy iemand geld geskuld het het die Romeinse wet gesê kan jy iemand in die tronk gooi totdat die familie die skuld betaal het, en as die familie nie die skuld betaal nie dan bly jy die res van jou lewe in die moeilikheid, so dis 'n goeie manier om party ouens in jou familie uit te sorteer. Jy betaal net nie hulle skuld nie. Jy sorg dat hulle groot skuld het en dan wag jy dat hulle tronk toe gaan, dan sê jy, ai jong, ons kan julle nie help nie, en dit, sê Jesus, is die roete wat die wêreld ken: wraak, woede, ek is alleen reg, ek sal my laat geld, kom ons gaan hof toe, my prokureur.
Dis vir my altyd interessant dat mense altyd individuele prokureurs het. <u>My</u> prokureur sal jou uitsorteer. Ek gee vir jou sy kaartjie, jy het moeilikheid. Jesus sê wat daarvan dat jy 'n dag Sy kaartjie uithaal en sê wat van 'n tweede myl, wat van 'n oor begin.
Hulle sê toe die kerk gedink het deur die eeue oor die groot sondes en ons die sogenaamde seven deadly sins gehad het het die ouens maar altyd teruggekom en gesê die drie groot sondes, die drie groot dinge wat mense uithaal is seks en geld en mag. Dit lyk vir my Jesus verskil. Dit lyk vir my Jesus sê die dinge wat jou lewe uithaal is om met woede te leef, is om met wrokke te leef, is om te dink jou waarheid moet ten alle koste afgedwing word, hierdie drie Ws wat jou lewe gaan vernietig, en daarom sê Hy Hy het soveel van 'n beter roete vir jou en vir my. Hy het soveel van 'n nuwe roete.
Ja, dis 'n moeilike teks, maar dis 'n mooi teks, want dis 'n teks wat jou geloof lewe toe vat. Jou geloof word gewys op die, soos ons aan die begin vir mekaar gesê het, op die gruispad, op die teerpad, op die grondpad, op jou lippe, op jou hande, op jou voete, of nie. Dis 'n reis saam met die Here. Hoe doen ek dit?
Wel, deur te bely, soos ons vanoggend ook gedoen het in ons saamwees, om vir die Here te sê kom, Heilige Gees, stel my in staat want ek struikel, maar deur intensioneel te lewe, deur intensioneel in my voorgedagtes vir myself elke dag te sê ek kies. Ek kies, Here. Ek kies om my woede weg te gee vir U en nie vir ander mense dit hulle probleem te maak nie.
Ek kies om my wrokke te rem. Ek sal selfs, Here, my bees en my donkie wat ek vir U wou gee laat staan om iemand anders in die oë te kyk, en 'n brug bou woord of twee, U soort brug bou woorde te gebruik, nie die wêreld se soort brug afbreek en brug brand taal van dwaas en raka en leë koppie en wat alles waarna Jesus verwys nie, en ek kies om nie my wil te laat geld ten alle koste sodat ek ook uiteindelik in hofgedinge beland nie. Ja, daar kom tye wat dit onvermydelik is, maar sovêr dit van my afhang het ek keuses om te maak en kan ek intensioneel lewe, en miskien is dit wat die berg rede wat Jesus se nuwe Wet, God se oorspronklike bedoeling met die Wet, met jou en my wil doen, dat die Wet op my vingers en op my hande en op my tong 'n nuwe effek sal hê.
Ek sluit af. Die bekende filosoof, skrywer, Soren Kierkegaard, vertel die storie van 'n arm man wat op 'n dag na 'n stad toe gegaan het, en toe het hy in die stad... hierdie man het altyd kaalvoete geloop; hy het nie eers geld gehad vir skoene nie, toe het hy genoeg geld gemaak die een keer om vir hom skoene te koop, en toe het hy die eerste keer in sy lewe skoene aangetrek, en met die geld wat oorgebly het het hy homself dronk gedrink.
En so in sy dronk toestand het hy die aand die pad terug begin stap na sy ou dorpie toe, maar sy dronkverdriet het hom ingehaal en hy het sommer êrens in die middel van die pad neergeval en toe het hy daar geslaap, en later

kom daar 'n wa verby, en die persoon wat die wa dryf sien daar lê 'n ou in die pad en hy stop en hy sê jy moet opstaan of ek gaan met my perde oor jou ry, en hierdie dronk man het so half wakker geword en hy het so gekyk na sy voete en na sy skoene, en toe sê hy vir die ou met die wa, jy kan maar ry, dit is nie my voete daardie nie, want hy het nooit geweet... hy het nooit... hy het nooit in sy kop besef hy het skoene aan nie want sy voete was altyd kaal.

En Kierkegaard vertel hierdie storie om te wys hoe deurmekaar die lewe geraak het. Ons het skoene aan, maar ons was gewoond gewees aan ons kaal voete, maar die oomblik as ons skoene aan het verander alles, en miskien is dit die punt, dat jy iets nuuts moet begin doen, en dat dit 'n uitdaging gaan wees, en dat jy wat altyd kaalvoet geloop het van nou af met skoene gaan loop, bedoelende met die skoene van Jesus waar jy kies om die roete van woede, wraak en wrokke in jou eie lewe vaarwel te roep. Mag die Here vir ons elkeen daarmee help. Kom ons sluit af en bid saam.

Here, asseblief, wil U nie help nie? Ek moet bely, ek is te lig as ek in U skaal sit vanoggend. Here, dis maklik om vanoggend te sê ek het nog niemand vermoor nie, maar Here, dis soveel moeiliker om te sê ek was nog nooit woedend nie en ek het nog nooit wrokke gedra nie, en ek het nog nooit my waarheid afgedwing op ander mense nie.

Here, ek is skuldig, en daarom kom vra ek hulp. Raak my tong aan met U sagtheid, met daardie woorde wat U met silwer beslaan. Raak my harde hart aan met die sagmakende werk van die Heilige Gees, en Here Jesus, my wil om altyd reg te wees.

Gee dat ek agter U sal aanloop, U wat jy sal leer om verhoudings nuut te maak, Here, want alles wat ek vanoggend gehoor het gaan oor nuwe verhoudings, nuwe verhoudings waar vrede wen, waar U wen. Ek nooi U in my lewe in, en ek nooi U in elke verhouding in waarin ek staan. Hoor my as ek dit bid en ontvang in die kosbare naam van Jesus die Here. Amen, en gaan in vrede.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

© Mosaïek